Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
16 Desember 1976

Onderwerp: Geloftedag

Lees: Psalm 11

Teks: Psalm 50 verse 14 en 15

Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 172 verse 1 en 2

"Geloftedag is die kerklike feesdag wat eie is aan die Afrikaanse volk. Dit was ons Kerk se lidmate wat in die gebeure by Bloedrivier betrokke was. En dit was die bekende ouderling Sarel Cilliers wat die gelofte opgestel en voorgelees het.

"Daardie lidmate het die HERE letterlik op sy belofte geneem toe hulle in doodsgevaar verkeer het: 'roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.' (Ps 50:15)

"Hulle was nie ongelowiges nie, maar gelowige lidmate van ons Kerk. Daarom sal dit beslis vreemd wees as hierdie Kerk hom nie heelhartig vereenselwig en die leiding neem met die vieringe van hierdie gedenkwaardige dag nie.

"Geloftedag moet vir ons soos 'n bergspits wees, vanwaar ons die pad waarlangs ons, ons volk en Kerk gekom het, beskou. En dan moet ons onthou dat Geloftedag nie primêr gesien moet word as 'n oorwinning van die blanke oor die swartman nie, want dit was iets veel meer as dit. Nee, Broers en Susters, dit moet vir ons 'n herdenking wees van 'n dag waarop 'n volk hom gelowig in die hand van die HERE gestel het en hom plegtig verbind het om aan God die eer te gee.

"As ons hierdie dag bloot vir politieke demonstrasie, of selfverheffing, of trotse militêre prestasie wil gebruik, dan verstaan ons die betekenis van hierdie dag verkeerd. Dan neem ons as't ware die dag uit die hand van die HERE en plaas dit terug in die hande van mense.

"Hierdie dag wil vir u en my vertel van die heiligheid van God, maar ook van sy almag om uit te red, daar waar die mens aan die einde van sy vermoëns gekom het.

"Geloftedag vereis verder van ons dat ons ons eie toestand in oënskou sal neem ten opsigte van onsself,

ons volk en ons verhouding tot God. En dít is die God aan wie ons met ’n heilige belofte verbind is.

“Broers en Susters, as ons nadink oor die toestande in ons eie land en die leefwyse van ’n groot deel van Afrikaners, word ons gedagtes onwillekeurig teruggeplaas na die eenvoudige dog edel en opregte lewenswyse van ons voorgeslagte. Die eenvoudige leefwyse van die Voortrekkers was ’n duisendmaal beter as die huidige moderne lewe. Ek sal veel eerder my volk in gevare en ontberinge na die liggaam sien, as dit die siel van die enkeling en volk bewaar.

“Watter gevare bedreig ons volk? Dit is nie in die eerste instansie wapengeweld van buite nie, maar verrotting van binne. Dit is wat besig is om die Afrikanervolk van sy identiteit te beroof en te veroorsaak dat ons besig is om te verloor wat eie is aan ons volk. Eenvoud het plek gemaak vir moderne luuksheid. Ons kultuur is verruil vir dit wat ons vyandiggesind is.

“Omdat ons die liefde verloor het vir ons eie, het ons ook ons selfrespek verloor. En dit maak ’n mens swak. Josef, Daniël en Moses kon sterk staan, omdat hulle die liefde vir hul eie behou het.

“Broers en Susters, hierdie degenerasie begin daar waar God se Woord nie meer gelees en gehoorsaam word nie. Dit is daar waar ons die pad na God verloor. En weet u, Broers en Susters, die agteruitgang in ons tyd is te wyte aan so baie mede-Afrikaners wat nie meer die pad van die Kerk volg nie. Die Kerk is nie meer vir hulle die rusplek vir die siel en skuilplek teen versoeking nie. Baie dink die Kerk is bekrompe en nie meer bevoeg om die Skrifte uit te lê nie. Hulle beskou die Kerk as ’n paaiboelie wat die mens se regte en vryhede inkort.

“Broers en Susters, dit bring ons by die eintlike gevaar en bedreiging, naamlik dat ons vyande besef dat hulle ons as volk kan breek as hulle ons van die Kerk kan vervreem. Ons is bekommerd oor die verwaarlosing van God se Woord en vervreemding van die Kerk wat ons by baie sien! Daar is ’n ontkerstening wat by sommige diep invreet.

“Daar is nood Broers en Susters. En daarom herinner ons teks ons aan die heerlike waarheid: ‘roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.’

“Ons worstel met dieselfde vraag as die Psalmis: ‘As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?’ (Ps 11:3)

"Laat ons duidelik hierop antwoord:

"Laat ons glo in die voortbestaan van die Afrikanervolk, omdat ons glo dat ons 'n heilige roeping het hier aan die suidpunt van Afrika.

"Laat ons elkeen opnuut op hierdie dag 'n heilige ooreenkoms met God maak.

"Laat ons die heilige eise van God se Woord nakom en Hom liefhê met ons hele hart, siel en verstand.

"Laat ons, ons volkstradisies in ere hou. Dit is heilige erfgoed uit die hand van God.

"Laat ons getrou bly aan die Kerk, ons geestelike woning.

"Laat ons God eer, wat ons op sy belofte sal uitred en bewaar.

"Amen."

Kommentaar:

Geloftedag het ook 'n boodskap vir die ander bevolkings van Suid-Afrika: Hier is julle God!

Gelofte

Die Gelofte van Bloedrivier is die eerste keer gedoen op 9 Desember 1838 voor die slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838. Dit het gelui:

"My broeders en medelandgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en eer van die oorwinning aan Hom te gee."

Bloedrivier

Die slag van Bloedrivier is voorafgegaan deur onderhandelings tussen die Trekkerleier, Piet Retief,

en die Zoeloe-koning, Dingaan. Daar is ooreengekom dat as Retief veë, wat Sikonyela, ’n Swart-opperhoof, geroof het, sou terugneem en aan Dingaan terugbesorg, Dingaan aan hulle die grondgebied tussen die Tugela en Umsimvubu riviere sou gee. Nadat Retief dit gedoen het, het Dingaan hom en 100 ruiters op 3 Februarie 1838 op verraderlike wyse by die Zoeloe hoofstad, Ungungundlovu, oorrompel en vermoor.

Dingaan het daarna op 17 Februarie 1838 die Boere-laers by Bloukrans en Boesmansrivier uitgewis. Bykans 300 blankes en 200 nie-blanke bediendes is vermoor.

Hierna was daar etlike mislukte optredes teen Dingaan, waarna Andries Pretorius as leier aangewys is. Prof. C. F. J. Muller skryf:

“Twee dae nadat hy op 25 November as kommandant-generaal aangewys is, het hy sy ruitermag met ossewaens na Zoeloeland uitgelei, waar hy op 15 Desember met fyn taktiek sy versterkte walaer tussen ’n diep plek in ’n sytak van die Buffelsrivier (die latere Bloedrivier) en ’n donga getrek het. Die verdedigers het bestaan uit sowat 470 man (versterk deur Britse setlaars met Bantoe-volgelinge), en teen hul vuurkrag uit geweer- en ’n paar klein kanonlope het die heldemoed van assegaai- en skilddraende Zoeloes, wat op sowat 12,500 geskat kan word, hulle te pletter geloop.” Na die slag is meer as 3000 Zoeloe lyke gevind. (Muller p. 139 e.v.) Daar was geen lewensverlies onder Andries Pretorius se mense nie.

BIBLIOGRAFIE

Muller, Prof. C. F. J. *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Tweede Druk. Pretoria en Kaapstad: Academica, 1969.